ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 2/5 vere et iucunde November 1986

# DAAR WAS EENDAG — OOR SINODES SE BRILLE

Daar was eendag 'n sinode wat dr. Malan se bril opgesit het. Dit was toe ek nog baie jonk was, so ek kan nie onthou of dit beteken die sinode het dr. Malan se bril opgesit of dr. Malan het die sinode se bril opgesit nie. Wat ek baie goed kan onthou, want dit was onlangs, is dat die professor in kerkgeskiedenis by die Kweekskool in Dorpstraat gesê het dr. Malan het vir die sinode se mense gevra watter bril moet hy opsit, en toe sê hulle 'n bi- of multifokaal is Christelik.

En toe was daar weer 'n sinode of meer wat dr. Verwoerd se bril opgesit het. Dit was definitief die sinode wat die bril opgesit het, want dr. Verwoerd was nie baie gretig om kweekskole of sinodes se brille op te sit nie, veral nie na Cottesloe nie. Hy was wel daarop ingestel om sinodes duidelik te laat verstaan hoe hý oor sake dink via Ome Koot, Kosie en neef Andries.

Maar toe kom daar jou waarlik 'n sinode wat probeer om mnr. PW se bril op te sit; ook nie vir hom nie, vir hulleself. Mens kon byna jou oë nie glo nie. Hulle móés dit eintlik doen, want die wêreld was baie kwaad oor die RVN-tipe bril wat hulle mede met Oom John-hulle se geld, en Eschel s'n, in meer as een taal die wêreld in gestuur het. Tot in Duits ook.

Maar, eerlik, die snaaksste sinode, wat in daardie selfde dae gesit het, was die een wat Karel se bril opgesit het. Nee, nie Carel B. nie, Karel M. Die brilmaker was Allan B., en dit was 'n donkerbril, 'n bruine, en omtrent al wat hy in die Bybel kon raaksien, is dat God altyd net aan die kant van die veronregtes en die armes is. Dié AB moet baie slim wees, of baie dom, want hy wil hieraan 'n einde maak. Hy wil met alle geweld hê die situasie moet nou 'n einde kry dat die bruin en die swart mense so arm en veronreg is — maar nie soos Chris April LP ook wil nie. Watter teologiese toertjie hy gaan uithaal as hy slaag, weet die Vader alleen, want dan is hy God kwyt. Per definisie. Ek is bly sy assessor het so langtand aan hierdie teologie geëet soos 'n hond wat gras vreet. In eenvoudige woorde: As hulle nie meer arm en veronreg is nie, gaan hulle dan die Belhar-belydenis verander?

* * *

Ag, as sinodes maar wou ophou om eendagsbrille op te sit. Ou gekraaktes, en knypbrilletjies én modernes. As sinodes en sinodale mense maar wou leer dat die beste ding wat die kerk die staat kan leer, is dat God se koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, en dat die wêreld juis dáárom 'n kans op oor-

**Na bl. 14**


* *Oor die klein jakkalsies in Hooglied*
* *Klemverskuiwing in die Bybelvertaling?*
* *Hoe sleg ons beste werke is*
* *Die skokkende verhaal van Jesus se geboorte*
* *Hoe om die Bybel te lees*
* *Dié Sout en Lig in die bergrede*
* *Te voet deur die Kategismus*
* *Ses merkwaardige briewe*
* *'n Boodskap vir mevrou dominee*
* *Froom Faan — ons eerste strokie*

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/5 NOVEMBER 1986*

# 'N BETEKENISVERSKUIWING IN DIE VERTALING VAN ROM. 1:17b

George van der Merwe

*In die Nuwe Vertaling word geloof in Rom. 1:17b iets wat verlossing verdien. Of vind u fout met die skrywer sê logika?*

Word die 1953-vertaling vergelyk met die Nuwe Afrikaanse Bybel (NAB) is dit duidelik dat die interpretasies van Rom. 1:17b verskil.

1953: Maar die regverdige sal "uit die geloof lewe".
1983: Elkeen wat deur God "vrygespreek is omdat hy glo", sal lewe.

Die verskil kom ook in ander vertalings voor:
Lewende Bybel: As 'n mens "deur" die geloof in die regte verhouding tot God gekom het, dan lewe hy werklik.
Jerusalem Bible: The upright man finds life "through" faith.
New International Version: The righteous will live "by" faith.

Good News: The person who is put right with God "through" faith shall live.

In die Griekse grondteks staan daar letterlik: maar die regverdige uit (die) geloof hy sal lewe. Die vraag is nou waar pas "uit die geloof" — by "regverdige" of by "sal lewe"? Is dit die "regverdige uit die geloof" wat sal lewe of die regverdige wat "uit die **geloof** " sal lewe? Hier lê die verskil tussen die 1953 en 1983-vertalings. Die Lewende Bybel en Good News kies saam met die NAB vir die eersgenoemde en die ander moderne vertalings kies saam die alternatief van die 1953-vertaling.

Die uitvoerige studie van Gottlob Schrenk ondersoek die Hebreeuse oorsprong in Hab. 2:4 waar daar staan: "the just shall live on the basis of his **holding fast to righteousness**" (mý kursivering, wat weergegee kan word as "geloof"). "The point newly emphasised by Paul is that he cannot have life except by faith." Hy ondersteun dus die 1953-vertaling.

Die gesaghebbende "Biblischer Kommentar zum

**Na bl. 16**

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel.: (012) 821105

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar.
Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/5 NOVEMBER 1986

BYBELSTUDIE
OU TESTAMENT

# DIE BOK OP DIE BETER-BERGE

Studiegedeelte: Hoogl. 2:8–17; Klaag. 1:1,2,8,9; Open. 21:1–5

**Die agste aflewering in 'n reeks oor Hooglied gebaseer op die hipotese dat Salomo se bruid die aanvallige Abisag van 1 Kon. 1 is.**

**Hoogl. 3:1: "Op my bed in die nag het ek gesoek na hom wat ek liefhet; ek het hom gesoek en hom nie gekry nie."**

Omdat 3:1 die sleutel is om 2:8–17 te verstaan, word dit hierbo afgedruk, hoewel dit (nog) buite die studiegedeelte val. In die nag het ek op my bed na hom wat ek liefhet, gesoek en gesoek, maar hom nie gevind nie.

Baie duidelik het ons hier die begin van 'n nuwe episode. Maar soos dit in die wêreld van poësie en prosa gaan, is 'n nuwe episode nie noodwendig 'n vervolg in tydsorde nie.

Na die vervulling van die liefde in die kamer van die koning, is ons skielik terug op die plattelandse boerderytjie. En nou nie net vir 'n kort terugflits, soos vroeër, nie, maar 'n geruime tyd lank. Só lank dat die eensaamheid daarvan ons meevoer na al die eensaamheid en drome wat ons self al in ons lewe gehad het.

In 2:8 is Abisag nie noodwendig (al) in haar bed nie. Ek dink sy droom in die wingerd. Haar oë is op die gesigseinder. Haar ore luister na die wind, die sang van die voëls, 'n skaap wat ver blêr, die geklaag van die stawe van 'n windpomp — wat dit grafstil maak daar in die veld. Jy kan jouself hoor asemhaal en hoor dink.

"Luister! Daar kom die man wat ek liefhet!" Hy het tog gesê hy sal my kom haal. Hy sal nie belowe en nie doen nie. Ek sal hom met my liefde hierheen trek. Ek sal voorgee hy is op pad. Ek sal speel ek sien hom. Kyk! Daar kom hy aangespring op die berge. Hy wip oor die rante (2:8). Dis nie regtig 'n ribbok of 'n takboklam (v. 9) wat ek sien nie, dis die man wat ek liefhet.

Kyk! Daar staan hy agter ons huis se muur. Hy loer by die venster in. Hy loer deur die latwerk (9b), hy loer oral in.

Dis so modern soos Fanie Olivier:

*In alles word daar iets van jou weerspieël*
*soms sien ek jou in iemand se stil gesig*
*voel hoe jy aan my arm raak my vang*
*as ek wil val en hoor jou praat as almal*
*om my slaap, intiem en sag*
*soos mens met liefde maak*
*skryf gou want ek verlang*

Dis suiwer fantasie. Dagdromery. Sy staan droomverlore in die wingerd waarin haar broers haar laat werk, en sy droom van haar beminde en dan droom sy haarself in haar huis en haar bed in. Dis algemeen-menslik. In my tweede skooljaar het ek van Bainsvleiskool af geloop en droom hoe ek in 'n hol boomstam afklim en dan in 'n tonnel ondergronds tot by die meisie wat ek liefhet.

En sy laat haar droomman praat. Sy laat hom die wonderlikste woorde sê; die woorde wat sy graag wil hoor. Sy sê hy sê vir haar: "Staan op my liefling, my mooiste, kom na my toe!" (2:10) Is daar iets mooier in die wêreld van die liefde as iemand wat sê: Kom hier na my toe. Sal jy na my toe kom? Is daar iets eensamer as een wat dit nie sê nie.

En dan praat hy sag met haar in haar hart, die mooiste woorde.

Hy sê die reëntyd is verby. (Dis winterreënvalstreek soos in die Kaap.) Dis iets van Open. 21 en 2 Kor. 5 wat sê dat die eerste dinge, die óú dinge verbygegaan het. Die leed en die pyn, die moeite en die eensaamheid en die verlange. Dit het alles nuut geword. Daar is bloeisels in die veld, wat 'n mens 'n nuwe lied laat sing. Die bloeisels fluister haar naam. Daar is 'n nuwe lied oor 'n Nuwe Testament, 'n nuwe bedeling, 'n nuwe liefde wat God uitgewerk het. Daar is voorvye, tortelduiwe wat geesdriftig juig, wingerde wat bot, en geur versprei (2:11 – 13a).

> *Is daar iets mooier in die wêreld van die liefde as iemand wat sê: Kom hier na my toe. Sal jy na my toe kom? Is daar iets eensamer as een wat dit nie sê nie?*

"Staan op my liefling, my mooiste, kom hier na my toe! (13b) Kyk, alles het nuut geword. Gister nog was dit eensaam en deurweek van sterflikheid, maar toe ek kom, het ek alles nuut kom maak.

Dis asof ons Hóm hoor praat wat sou sê: Veel meer as Salomo is hier.

My kransduif kom hier dat ek jou gesig kan sien, jou stem kan hoor. Kyk hoe mooi is jy! Praat met my! (14)

* * *

Dan skielik die vreemdste wending, met woorde wat net so misbruik word soos dié van Joh. 1:12 – hoewel met minder skade.

"Vang die jakkalse!" (2:15)

> *Die lessie dat dit klein jakkalsies is wat die wingerd verniel, is teksmisbruik – nes die verkeerde voorstelling wat dikwels van Joh. 1:12 gegee word.*

Ek sê mos sy dagdroom in die wingerd. Daarom skree sy dit uit toe sy die jakkalsies sien wat die grond omwoel. Die klein jakkalsies wat die wingerd verniel, die wingerde wat al bot.

Vandag sou sy droomverlore in die sitkamer of woonkamer gesit het, die Sarie vergete in haar hande, en dan skielik uitgeroep het: "Die kos! Keer – die kos brand!"

Om, as die stout jakkalsies op die vlug geslaan het, weer op die stomp te gaan sit en verder te probeer droom. Hoe wreed kan drome soms versteur word. Asof die droom nie al eensaam genoeg is nie.

Waar was ek nou weer?

By die werklikheid: Die man wat ek liefhet, is mýne, en ek is syne. (16a) Niks op aarde kan dit ongedaan maak nie. Dít is nie 'n droom nie.

"Hy laat sy skape tussen die lelies wei." (16b)

Miskien het ons hier, in die een en 'n half versie tot by die einde van die hoofstuk, dinge wat byna nie uitgeskryf kan word nie.

Na haar versteurde droom kan sy nie meer haar diepste liggaamlike begeerte in mooi woorde en fantasieë verberg nie. Sy kan nie meer volhou om die één ding byna nie te durf dink, en 'n ánder ding te sê nie. Sy kan nie bly speel aan die voorspel in haar gedagtes terwyl sy weet dat geen spel gespeel is sonder die eindspel nie.

> *Dit is lente. Oral is blomme. Die blomme fluister jou naam.*

Daarom sê sy dit reguit, en tog in beeld. My liefling laat sy skape tussen die lelies wei. Hy is 'n man. Hy doen wat 'n man doen. Tot die aandwind waai en die skaduwees vlug, (sê die Ou Vertalning). As my liefling my sy liefde gee, sou gee, sal al die skaduwees vlug, en asof met die aandwind weggewaai word. (17a)

Daarom roep sy hom in soveel woorde. Kom terug, man wat ek liefhet, kom spring soos 'n ribbok of soos 'n takboklam op die Beterberge (17b).

Beter-berge beteken "berge van skeiding" (Ou Vert.) of "gekloofde berge" (Kroeze). Dit kos maar min verbeelding om te raai wat sy bedoel. Maar dit kos al die deernis en die liefde van 'n hart wat deur God wederbaar word, om skaamteloos skoon daaroor te praat.

* * *

Ek wonder of dit één mens beskore is om op die pieke van die liefde te bly lewe. Ek glo nie. Daarvoor is die lewe te hard en die sonde te magtig. Buitendien, wie sal weet wat Abisag geskryf het

toe Salomo sy hart deur nog 999 vroue laat verlei het? Of die Sullamitiese, wie sy ook al was. Miskien ook die klaaglied van Jerusalem.

*Onbedaarlik huil ek die hele nag*
*die trane loop oor my wange*
*my minnaar is nie meer daar*
*om my te troos nie*
*hy het verraad teen my gepleeg*
*my vyand geword*
*hy het my soos 'n onrein vrou laat word*
*die mense het my naaktheid gesien*
*Sien tog my ellende raak, Here*

Eén ding weet ek: As ons deur al die ontnugtering en ontluistering, al is dit struikelend, en voel-voel, volhard tot die einde toe, sál God ons red en gelukkig maak. Sal Hy in die grysheid die verdiepte liefde gee wat die pelgrims in die skemer na mekaar se hande laat soek. Meesal woordeloos, omdat woorde wat wek so dikwels ook wond. Wanneer en hoe die einde is, weet God alleen. Dis nie noodwendig die dood nie. Dis die wenpaal, die eindstreep. Dis wanneer Job weer gelukkig word en Naomi met klein Obed op haar skoot deur haar vriendinne geprys word.

---

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

## Goeie werke

Ek het nooit in my ergste nagmerries kon droom dat die druk oor goeie werke só hard kan wees nie. Miskien ly ek aan vervolgingswaan, maar dit voel my as jy sê dat ons goeie werke niks beteken nie, voel dit asof al meer mense die koppe skud oor die man se ongelukkige eensydigheid. En dan haal hulle al die tekste aan. Daar kan maar in die Nederlandse Geloofsbelydenis staan en in die Kategismus dat ons goeie werke, nee, ons **beste** werke so sleg is dat God ons daarvoor in die hel kan gooi, die mense bly maar sê jy moet die konsekwensies van die evangelie trek en verkondig, en daarmee bedoel hulle jy moet elke week 'n lessie gee oor wat hulle nóg kan doen om nóg 'n bietjie beter te word.

Mense, ons goeie werke het nie verdienste nie. En nie-verdienste-nie beteken hulle is niks werd nie. Moenie steel nie, en moenie egbreuk pleeg nie, en moenie vloek nie, en moenie iemand aanrand nie. Moenie onverskillig wees nie. Maar as jy regkry om op te hou rook (soos ek) en minder kwaad te word (soos ek en Calvyn nie) moet tog asseblief nie dink dat jy nou 'n heilige geword het nie. Christus het van jou 'n heilige gemaak op Golgota toe jy nog 'n sondaar was, en die Heilige Gees spreek jou elke dag heilig as Hy jou troos. Jy maak nie jouself al heiliger nie. Ek **preek** nie dat julle al slegter moet word of sonde moet doen of daarin moet bly lê nie, stellig nie!, of julle eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God. Ek preek die genade. Ek wil van niks anders weet as van Jesus Christus die gekruisigde nie. As jy ophou so met skrefiesoë wag wanneer ek die wet gaan preek, en jy hóór my pleit, en jy gló die genade wat God in sy liefde so in oorvloed oor jou uitstort, sal 'n groot liefde in jou gebore word, en dít is die hele wet. En jy sal ophou oordeel.

## Geloof is nie genoeg nie

In 'n godsdienstige rubriek in 'n dagblad lees ek: " 'n Bekende kunstenares vra by geleentheid: 'glo julle in jul kerk ook dat 'n mens volkome vergifnis van sonde kan ontvang bloot deur te glo dat Jesus Christus ter wille van jou in jou plek gesterf het?' " Toe die rubriekskrywer bevestigend antwoord, het sy gesê: "Maar dit kan tog nie waar wees nie; dit is te eenvoudig."

In werklikheid is dit nog eenvoudiger as wat die

"herder" wat die rubriek skrywe, dit gestel het. Ons ontvang nie vergifnis "deur te glo" nie. Ons glo dat ons vergifnis ontvang het. Dit staan in soveel woorde in 2 Kor. 5:19, en daarna smeek Paulus die mense om tog die vergifnis te glo.

Die rubriekskrywer gaan dan voort om enigsins die vrye genade te verkondig, maar eindig in die ou dubbelsinnigheid: "En tog is en bly dit God se één voorwaarde: wie met sy hart glo en met sy mond bely dat Jesus Christus sy Here en Verlosser is, hy sál gered word. En dan moet hy natuurlik ook soos 'n verloste lewe."

Daarom sit die koerantman 'n kop bo-aan die rubriek wat lui: GELOOF ALLEEN NIE GENOEG NIE, en niemand weet aan die einde wat nou wat en wat nou genoeg is nie. Almal dink dis geloof plus iets.

Geloof is inderdaad nie genoeg nie, want geloof is niks. Christus se soenverdienste is genoeg. Geloof aspireer nie eens om die helfte of 'n kwart of 'n desimale breukdeel te wees nie. Geloof sê: Ek is bankrot, maar Jesus is my skat in die hemel.

En ons toewyding, nadat ons tot geloof gekom het, is ook nie 'n deel van die genoeg of 'n vóórwaarde nie. Dis 'n agter-waarde. Dis niks meer as dankie-sê dat Christus se verdienste meer as genoeg was nie.

---

**BYBELSTUDIE**
**NUWE TESTAMENT**

# DIE WOORD WORD VLEES

**DIE TIENDE AFLEWERING UIT DIE VIER EVANGELIES GESINCHRONISEERD**

**Luk. 2:7: "Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.**

STUDIEGEDEELTE: Luk. 2:1–7

Hier gebeur dus wat Johannes in sy diepsinnige evangelie genoem het: Die Woord het vlees geword. Die Woord het vlees geword in Betlehem. Dit is die hele kersevangelie. God het toe tog gedoen wat Hy 'n duisend en een redes gehad het om nié te doen nie. Hy het in 'n kindjie na die mense toe gegaan wat Hom nie wou hê nie. Die mense wat bereid was, en sou word, om Hom dood te maak. Hy het mens van vlees en bloed geword, in ons geskiedenis.

Dit is wat Lukas aan ons sê. In die tyd van Keiser Augustus, in die tyd van die (onlangse) Romeinse beskawing, het dit tyd geword vir God om by ons gebore te word.

Dus nie in die verre verre verlede, toe diere nog soos mense gepraat het nie, en Goue Lokkies haar noue ontkoming met die drie beertjies gehad het nie. Nee, in ons geskiedenis. Narekenbaar. In die tyd van Keiser Augustus, van wie ons sensusverslae in sy eie handskrif het. Toe Sirenius goewerneur in Sirië was — waartoe die provinsie Judea behoort het.

En tog is hierdie volkstelling waarna Lukas verwys, 'n probleem vir Skrifverklaarders en historici, want ons het geen ander inligting daaroor nie. Flavius Josefus vertel van 'n ander volkstelling in 6 n.C. waartydens daar 'n opstand was, maar van een rondom die geboorte van Christus weet die geskiedkundiges en buite-bybelse rekords nie. Miskien was dit tog maar 'n plaaslike gebeurtenis — wat daardie "hele wêreld" (Ou Vert.) geraak het — wat nie die ander geskiedenisboeke gehaal het nie. Miskien was dit 'n soort instromingsbeheermaatreël wat eintlik deur Herodes gereël is, want die feit dat die mense by hulle geboorte- of familiedorpe moes aanmeld, was nie tipies Romeins nie. Dit lyk Joods. Die Romeine het, soos ons, sensus gehou by die plek waar jy die dag van die sensus is.

Het ons dus met 'n minder bekende sensus te maak, klop dit met die geboorte van die onbekende Jesus; buite-egtelike seun van die timmerman. In die dorpie Betlehem waarvan Miga 5:1 sê dat hy klein is onder die families in Juda. Hy het geen gedaante of heerlikheid gehad dat ons Hom sou

begeer nie. Hy is nie in Jerusalem gebore in die allerheiligste van die tempel nie. Hy is gebore in die kamer of stal in 'n oorvol herberg in die gehuggie Betlehem waar Dawid ook gebore is en as onaansienlike skaapwagter vergeet is, en waarheen hy nooit weer teruggekeer het nie.

> *Natuurlik is dit skokkend om so oor Jesus se geboorte te praat. Om die eensame bloederige babatjie daar te sien in die haglikste omstandighede wat die deel is van die armste mense. Maar moenie u hande voor u oê hou nie.*

U moenie die geboorte van Jesus romantiseer nie. U moenie donkies en beeste opstop en gesellig langs bale voer laat lê en herkou langs die krip waar 'n pop soos Liewe Jesus lê nie. Die hele geboorteverhaal van Jesus spel nie soetsappige ekstase nie, maar grillige verwerping en nood.

Jesus word gebore te midde van die gedwonge verskuiwing van mense, te midde van leed en ontwrigting, sweet en bloed en trane. Sy swanger moeder moet dit meemaak waarskynlik omdat Josef haar nie alleen in Nasaret wil los nie. Hoewel (waarskynlik) getroud, noem Lukas haar nog 'n "verloofde" want hulle het nog nie saam geslaap nie. En na 'n lang reis te voet, in 'n oorvol herberg, kry sy geboortepyne en word die baba gebore, sonder 'n vroedvrou wat kan help. Maria moet Hom self in doeke toedraai, en in die krip neerlê. Met sy opstanding, sy weergeboorte uit die dood, was daar ook niemand byderhand om die doeke van Hom af te haal nie.

> *God het toe tóg gedoen wat Hy 'n duisend en een redes gehad het om nié te doen nie.*

So lyk dit is God inkom in die geskiedenis van die mense. As sý geskiedenis en óns s'n mekaar kruis. As Lukas se twee verhale in Betlehem in mekaar vloei.

Jy kan nie te aards oor Jesus se geboorte dink nie. Dit was geen idilliese sprokie nie. Paulus teken dit op die krasste as hy sê dat Jesus sonde gemaak is vir ons. Smerige bloederige sonde, smart en ellende in 'n onhigiëniese krip tussen vloekende, stotende, swetende mense.

Want Jesus het tóé geword wat jý nou is.

Ja, miskien moet jy na jouself kyk om te verstaan. Jou liggaamlikheid, jou vleeslikheid, jou sterflikheid, jou onaansienlikheid. Soos jy lyk voor die opsmuk, en die kam, en die klere met 'n snit wat poog om jou wanstaltige postuur te verberg. Só het Jesus geword. 'n Mens in jóú gedaante, jóú nood en angs. Die Credo sê Hy het ter helle neergedaal. Dít was die Betlehemstal.

En Filippense sê Hy het die gestalte van 'n slaaf gehad toe Hy aan die mense gelyk geword het. Nie een van die beste mense nie, een van die slegstes. En toe het Hy al laer gedaal totdat Hy aan die kruis die dood van 'n vervloekte sou sterf, sê Filippense. Die kruis waarvan die skaduwee nou reeds oor die krip in Betlehem val.

Natuurlik is dit skokkend om so oor die geboorte van Jesus te praat. Om die eensame bloederige babatjie daar te sien in die haglikste omstandighede wat die deel is van die armste mense. Maar u moenie u hande voor u oë hou nie. Wat daar gebeur, is die begin van die diepste troos. Jesus kom die wêreld op hierdie makabere manier binne omdat

> *Na 'n lang reis te voet, in 'n oorvol herberg vol stotende en swetende mense kry sy geboortepyne en word die baba gebore, sonder 'n vroedvrou wat kan help. Maria moet Hom self in die doeke toedraai.*

óns die ellendigste van al die skepsels is. Hy kom by ons woon in die krip en die krot van ons bestaan. Hy kom nie vir die Fariseër met sy trotse vaste adres nie, maar vir die tollenaar wat sonder aansien sommer terloops by die tempel inskuifel. Vir Saggeus wat in die boom klim. Vir Lasarus wat by die hek van die ryk man lê. Die dag as jy troos nodig het, ook in jou duur huis, sal jy dit hiér vind. En dié dag sal kom. Hy kom altyd.

Die vleeswording van die Woord is dus geen kompliment vir die mens van vlees en bloed nie. God eer ons nie deur mens te word nie. Hy daal na ons neer; dis 'n neerhalende besigheid. Genade is nie daar waar mense bonatuurlike fratse uithaal nie, maar waar God mens word in die slyk langs ons. Dit was en is heidens as mense 'n mens wat skynbaar sy eie menslike natuur oortref en te bowe gaan, 'n heilige noem. Dit is Christelik as die bonatuurlike genade na ons neerdaal, om ons te red.

So het God 'n huisgenoot geword van ons van die moderne geskiedenis. Dit is 'n feit soos geen ander nie. "Wij zijn door Jezus' geboorte aan de natuur onttogen, zoals het kindeke Mozes aan de krokodillen in de Nijl; en wij zijn aan de Geest en aan de historie overhandigd zoals Mozes dat werd aan zijn zuster Mirjam.

"Wanneer de moderne mens niet zo star en strak te kijken stond als de ezel bij de kribbe, dan zou hij merken, dat juist hij in een storm des Geestes staat en dat Gods wonder het element zijns levens is." (Noordmans, VW, 240/1)

# HOE OM DIE BYBEL TE LEES

Die Bybel is **evangelie**, en evangelie beteken vreugdeboodskap. Lees die Bybel dus as boek wat bedoel is om bly te maak; as God se liefdesbrief. Daar is baie harde woorde en wrede dinge ook in die Bybel (nes in die lewe), maar God se lááste woord is 'n liefdeswoord; 'n belofte dat Hy álles nuut sal maak (Open. 21:5).

*Die Bybel is nie 'n oordeelsboek nie, maar evangelie; nie die sis van die slang nie, maar die kloek van 'n hennetjie.*

Die hardste en die wreedste ding in die Bybel is die kruis op Golgota. Die galg van God — waarmee die mense God uit die weg wou ruim. En tog is die **kruis die nok van die tent van die Bybel**. Want God het van die moordtuig van die mense 'n reddingstuig gemaak. Die kruis van Jesus Christus, die gekruisigde Christus, staan in die middel van die Bybel (1 Kor. 2:2). Daarom, waar jy ook al in die Bybel lees, moet jy altyd oplet na waar die kruis staan. Lees jy in die Ou Testament, kan jy geen stukkie daarvan verstaan as jy nie vorentoe op-kyk na die kruis wat aan die kom is nie. Oral waar die mense bankrot speel, en dis oral, wag die kruis as die toppunt van hulle bankkrotskap, en oral waar God in die Ou Testament redding belowe, wag die kruis as die hoogtepunt van sy redding. As die Bybel begin deur te vertel hoe goed en mooi God die hemel en die aarde gemaak het, doen hy dit om uit te wys van hoe hoog af die mens geval het toe hulle die geskenk wat God aan hulle gegee het, versmaai het. En as hy vertel hoe hulle geval het, vertel hy dit om te vertel hoe God agter die bewende mensies aan gegaan het en hulle getroos het deur sy Seun as Redder en Saligmaker aan hulle te belowe. En daar staan die kruis heel aan die begin van die Bybel, en van daar af dwarsdeur die hele Ou Testament.

In die vier evangelies gebeur dieselfde: Alles duskant die kruis loop uit op die kruis en op die verlossing en oorwinning van die dood en die sonde.

In die res van die Nuwe Testament kyk ons **terug** na die kruis, want die res van die Bybel **verkondig** die evangelie van die kruis. (Maar ons kyk ook vooruit na die weerkoms van ons Heer.)

Daarom sê ons: die grootste sleutel om die Bybel mee te verstaan, is: Die kruis is die nok van die tent van die Bybel. In elke deel wat ons lees, moet ons vra: Hoe val die **skadu** van die kruis oor hierdie gedeelte; en: Hoe val die **lig** van die kruis oor hierdie gedeelte.

* * *

Op hierdie ABC van Bybelverstaan kan op baie maniere uitgebrei word.

*Die kruis is die nok van die tent van die Bybel. Elke onderdeeltjie van die Bybel moet in die skadu en die lig van die kruis uitgelê word — met die oog op die weerkoms.*

Hoe moet jy die Bybel lees? Lees hom soos 'n hennetjie wat kloek — jy moenie kloek nie, hý kloek (Matt. 23:37; Luk. 13:34). God roep, en wil sy kinders soos kuikens bymekaarmaak. In die Psalms

sing die Heilige Gees vir ons. Hy lê ons die woorde in die mond en druk dit ons op die hart. In die briewe skryf die Heilige Gees aan ons.

Lees die Bybel as 'n begeesterde boek. 'n Be-Geesterde boek. Die Heilige Gees het die Bybelskrywers geïnspireer, hulle selfs gedryf (2 Pet. 1:21). Die Bybel is nie 'n houterige klompie droë formules nie. Dis 'n boek wat kortasem geskryf is — waarmee die Heilige Gees, dit is God self, met ons praat, en ons herinner aan alles wat Jesus vir ons geleer en gedoen het. (Joh. 14:26).

*Die Bybel is die sakdoek van die Heilige Gees.*

Maar moenie die Bybel hoogdrawend lees nie. God praat nie uit die hoogte nie. Dis byna skokkend, maar 2 Kor. 5:20 laat ons verstaan dat God op sy knieë praat. Hy smeek. Hy hardloop die verlore seuns en dogters tegemoet. Daarom het Augustinus gesê God is al nederig, ons moet dit nog word. Hy kloek soos 'n hennetjie. Hy, die Trooster, troos. Hy vee trane af. Die Bybel is God se sakdoek. Lees hom so.

* * *

Moenie die Bybel probeer wetenskaplik lees , en daarom aanhoudend probeer probleme oplos nie. Die Bybel is 'n maklike boek. Kinderlik eenvoudig. Helder (claritas), selfs deursigtig (perspicuitas) en eenvoudig (simplicitas). Nie dat ons nie soms probleme met die Bybel het nie, maar dis meesal probleme wat ons self veroorsaak, omdat ons verkeerd lees en luister. Ons kyk skeel, en dan kan ons nie uitmaak wat ons lees nie. As ons die fokus regkry, word ons verstom oor die kinderlike eenvoud. Die Bybel is **openbaring**, nie **verberging** nie. Openbaring beteken **bekendmaking**, die verklap van 'n geheim. Die Bybel is nie 'n dubbelsinnige en duistere orakelspreuk nie.

*Die oordele waaroor in die Bybel geskrywe word. het God sy kinders vrygeskeld en dit op Jesus se hoof laat neerkom. God oordeel nou gunstig oor ons — al verdien ons dit nie.*

Daarom is die Bybel ook nie net geskrywe vir ingewydes nie. As iemand meerderwaardig glimlag en sê jy sal nie verstaan nie, want jy het nog nie die Gees nie, kan jy seker weet hy dwaal in die gnostiek (godsdienstige beterweterigheid). God praat nie met wedergeborenes nie. Hy praat met sondaars wat deur sy praat weer gebore word. Meesal hoor sondaars ook die woorde van die Here baie helderder as vrome Fariseërs.

* * *

As ek sê dat ons nie die Bybel wetenskaplik moet lees nie, bedoel ek nie dat die wetenskaplikes nie ook wetenskaplik na die Bybel kan kyk nie, maar die wetenskap is nie dié sleutel om die Bybel te verstaan nie. God praat nie net Grieks en Hebreeus en nou kan slegs die taalwetenskaplikes sê wat God naastenby gesê het nie. God praat ook Afrikaans. (En Engels, Frans en Zoeloe.) Die Afrikaanse Bybel is nie 'n derderangse onbetroubare weergawe van wat God presies in Hebreeus, Aramees en Grieks gesê het nie. Geen vertaler kan die evangelie smoor nie, al vertaal hy ook hier en daar lomp.

*Die Bybel is nie ingewikkeld nie. Die Bybel is eenvoudig en helder. Hy is openbaring, nie verberging nie.*

Dit hang saam met die feit, die "formule" wat ek só geformuleer het: **Die hele Bybel staan op elke bladsy van die Bybel**. Dis 'n baie belangrike riglyn om die Bybel te verstaan. As jy die Bybel lees asof hy 'n reuse landkaart of legkaart is, kan elke blokkie net op een plek lê. Dieselfde straat kan tog nie ook in 'n ander woongebied lê nie. Dieselfde straatnáám ja, maar nie dieselfde straat nie.

Maar die Bybel is nie so nie. Die hele Bybel staan in Ps. 23, Ps. 103, die verhaal van Simson, van Dawid, die profesieë van Jesaja en Jeremia, in die visioene van Sagaria, die aangrypende gesprekke wat God deur Hosea voer. Nêrens word hierdie feit so duidelik geïllustreer nie soos in die vier evangelies. Presies dieselfde verhaal vier keer oor, al sing Markus (en Petrus) 'n paar tone laer as Matteus en Lukas, en Johannes saam met 'n simfonie-orkes. Paulus verkondig die evangelie oor en oor in **elkeen** van sy briewe. Hy sê dieselfde ding oor en oor op alle moontlike maniere; die diepste en breedste in die brief aan die hoofstad van die wêreld en aan ons — Romeine.

As ek sê die Bybel moenie wetenskaplik gelees word nie, bedoel ek ook dat die grammatika nie die finale sleutel in sy hande het nie. Grammatika

is abstrakte ontleding, analise van die taal. Dit kan ons 'n paar dinge leer, maar ons leer méér van die Bybel as ons hom gelowig lees, hom glo, as wanneer ons elke sin grammatikaal-wetenskaplik ontleed.

> *Die Bybel is geskryf vir sondaars, nie vir kamma vromes nie.*

Een van die redes hiervoor, is dat die Bybel 'n eenheid is; één tent, met één nok, die kruis op Golgota. As ons Jesus se mededeling dat ons die ander wang moet draai, probeer verstaan net uit die stukkie (perikoop) waar dit gesê word, kan ons maar vergeet om dit reg te verstaan. Eers as ons Jesus voor die Joodse Raad, Herodes, Pilatus en op die kruis die ander wang sien draai, en die mense Hom sien klap, verstaan ons dat die bergrede kruiswoorde is. Die skadu van die kruis: Hulle hang Jesus (ook) oor die bergrede op. Die lig van die kruis: Jesus draai die ander wang, loop die ekstra myl saam, hê sy vyande lief, roep nie vuur en swael uit die hemel op die goddelose mense af nie.

* * *

Die wetenskap is ook nie die sleutel omdat dit die wetenskaplik-literêre génres aan ons bekend maak en nou weet ons om poëtiese, wysheids-, profetiese historiese ens. literatuur van mekaar te onderskei en telkens anders te verstaan nie. Die skrywers het eers geskrywe en agterna het die wetenskaplikes dit sulke name gegee (gekategoriseer). Die kinderlike gelowige lees dit as lag en huil, soebat en dreig, sarkastiese hamerslae en ironiese kontraste; as die "baie maniere" waarvan Heb. 1:1 praat waarmee

> *In ons Bybel praat God Afrikaans en dit is nie Grieks vir ons sodat ons nie sonder 'n taalgeleerde kan klaarkom nie. Die primêre taak van die bedienaar van die Woord is ook nie om hom uit te lê nie, maar te verkondig, op die hart te druk.*

God net één ding wou sê: Dat Hy ons al liefgehad het voor Hy nog die wêreld gemaak het; dat Hy ons gered het toe ons sondaars was en nie gered wou gewees het nie; dat ons Heiland nóú vir ons pleit by die Vader; dat die Heilige Gees vir ons bid as ons so seer is dat ons net kan huil, en dat Hy ons krom gebede reguit buig en bid voor dit die troon van God bereik; dat niemand ons uit sy hand sal ruk nie; dat niks ons meer van sy liefde sal skei nie.

* * *

Die Bybel moet tog asseblief ook nie gelees word soos Kook en Geniet, d.w.s. resepmatig nie. Dis een van die grootste probleme met hedendaagse Bybelstudies. "Wat wil hierdie gedeelte vir my sê?", en dan volg daar 'n sedelessie. Die Bybel is nie 'n resep nie. Dis 'n verhaal. 'n Dramatiese verhaal van hoe God ons gered het toe ons nie kon nie. Ons het nie dramas uitgevind nie, ons het dit by God se

> *Die hele Bybel staan op elke bladsy van die Bybel.*

omgaan met ons geskiedenis afgekyk. Die geskiedenis is daarom ook nie die meganiese afloop van opwenpionnetjies nie, en Jesus geen gevoellose robot wat emosieloos kruis en hemel toe gaan nie.Die deugde wat Paulus en ander apostels aanprys, staan aan die einde van hulle briewe nádat hulle (weer eens) die aangrypende verhaal van die redding aan die kruis vertel het. As Christus julle sonde in sy

> *Die Bybel is nie 'n soort Kook en Geniet vol resepte oor hoe om in die hemel te kom nie.*

graf laat agterbly het, kan julle tog nie in die sonde bly lê nie. Die grootste, op 'n manier die enigste sonde, is ongeloof en daarom wanhoop waarin geen liefde kan leef nie. As jy nie wil glo dat Christus jou op die kruis van die hel gered het nie, dan bly lê jy in wanhoop, en jy bedroef die Heilige Gees (Efes. 4:30), en gee jouself aan die drank of seksuele uitspattighede oor. Maar as jy die evangelie se kloekende trooswoorde hoor, en glo, kom daar 'n onbeskryflike groot vreugde in jou hart.

> *Die Bybel is nie 'n helderegister nie, maar 'n lang lys sondaars vir en aan wie Jesus sterf. Omdat hulle plek in die Bybel het, het ons ook.*

Daar is nog drie moenies. Al drie is so benede peil dat ek dit skaars wil beredeneer.

Die Bybel is nie 'n dobbelsteen wat op 'n toevallige plek oopval en dan daar met 'n toevallige woordjie 'n saak vir jou besleg nie. Los dié metode vir die dolosgooier of fortuinvertelster.

*Die Bybel is nie 'n dobbelsteen, besweringsof voorspellingsboek nie.*

Die Bybel is nie 'n magiese boek vol besweringsformules waarmee jy bose geeste die skrik op die lyf kan jaag nie. Dan verlaag jy God se Woord tot "white magic" wat beswaarlik iets beter is as "black magic".

Die Bybel is nie 'n voorspellingsboek waarmee jy kan uitwerk wat wanneer gaan gebeur nie. In my besit is 'n pamflet (van 'n Neser-aanhanger) waarin aan die begin van 1984 met stellige sekerheid 'n beroep op die Bybel gedoen word om te bewys dat Jesus op 13 Oktober 1984 weer sal kom.

Hoe moet ons die Bybel lees? As dit vrees bring, lees jy verkeerd. As dit vreugde bring, het jy die wysie raakgehoor en sing jy nie meer vals nie.

* * *

Ek sal dit nou kort probeer saamvat.

1

Die Bybel is nie 'n oordeelsboek nie, maar evangelie; nie die sis van die slang nie, maar die kloek van 'n hennetjie.

2

Die kruis is die nok van die tent van die Bybel. Elke onderdeeltjie van die Bybel moet in die skadu en die lig van die kruis uitgelê word — en met die oë gerig op die weerkoms uit die hemel.

3

Die Bybel is die sakdoek van die Heilige Gees.

4

Die oordele waaroor in die Bybel geskrywe word, het God sy kinders vrygeskeld en dit op Jesus se hoof laat neerkom. God oordeel nou gunstig oor ons. Dít is ons diepste troos: dat God ons aansien vir wat ons nie is nie.

5

Die Bybel is nie ingewikkeld nie; die Bybel is eenvoudig en helder. Hy is openbaring, nie verberging nie.

6

Die Bybel is geskryf vir sondaars, nie vir kammavromes nie.

7

In ons Bybel praat God Afrikaans en dit is nie Grieks vir ons sodat ons nie sonder 'n taalgeleerde kan klaarkom nie. (Die primêre taak van die bedienaar van die Woord is ook nie om hom uit te lê nie, maar te verkondig, op die hart te druk.)

8

Die hele Bybel staan op elke bladsy van die Bybel.

9

Die Bybel is nie 'n soort Kook en Geniet vol resepte oor hoe om weer gebore of gered te word nie.

10

Die Bybel is nie 'n helderegister nie. (Daarom mag geen kinderbybel dit ook wees nie.) Die Bybel is 'n lang lys sondaars vir en aan wie Jesus sterf. Omdat hulle plek in die Bybel het, het ons ook.

11

Die Bybel is nie 'n dobbelsteen, beswerings- of voorspellingsboek nie.

**ONS KAN ONS SONDES NIE VERGEET NIE**

**EN GOD KAN DIT NIE ONTHOU NIE**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/5 NOVEMBER 1986

UIT DIE BERGREDE

# DIE GEBLUSTE SOUT EN LIG

**Matt. 5:13 – 16**

**Matt. 5:16: "Laat julle lig só voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien, en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."**

Jesus sê ons is die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld.

Jesus het dit gesê vóór Hy gekruisig is, en Matteus het dit geskryf ná Hy gekruisig is. Jesus het daar iets mee bedoel toe Hy dit gesê het, en Matteus-Levi het daar iets mee bedoel toe hy dit onthou en neergeskryf het.

Dit is geheel onmoontlik om presies te weet wat Jesus gedink het toe Hy dit gesê het. God se gedagtes is ook in Christus hoër as ons gedagtes. Ons kan weinig meer doen as om te mymer oor hierdie spreuke wat tegelyk ook kruiswoorde is. Hierdie Nuwe Testamentiese etiek wat meer op God as op ons van toepassing is, omdat ons sondaars is. Eintlik moes ons dit gedoen het, toe doen God dit maar.

Die sout vir die aarde; die lig vir die wêreld. Dít is wat God die mense bedoel het om te wees. Eers het Hy alles uit niks gemaak, 'n pragstuk geskep waarvan Hy oor en oor gesê het dat dit báie goed en mooi was. Die droë grond en die seë, en die plante en diere en visse en al die insekte. Miljoene variëteite méér as wat vandag oorgebly het.

En toe het God dit gewaag om 'n mens te maak wat na Hom aard. En God het alles wat Hy gemaak het, aan dié mens persent gegee, en toe ook nog vir hom 'n menslike kameraad gegee.

Hierdie mense was die kroon van God se skepping, die bestemming daarvan. Toe God húlle klaar gemaak het, kon Hy rus. Nie omdat Hy moeg was nie, maar omdat die werk voltooi was. Dit was volbring.

Nou, hiérdie kroon van die skepping moes die sout vir die aarde wees. Dit moes die skepping smaakvol maak. En die mense moes die lig vir die aarde wees, 'n helder wit lig wat die aarde verlig en wat die kontraste in die skepping sigbaar laat word en wat sin gee aan die wondere in die skepping. Want op 'n manier was die skepping sonder die mens sinloos. Die plante was natuur- klimaats- en seisoengebonde, en die diere aan hulle instinkte. Maar die mens was nie so nie. Die mens was vry.

Die mens kon aan die diere name gee. Mooi pittige name wat iets verklank van die laggende vreugde wat God in sy skeppingswerk ervaar het.

> *God het dit gewaag om 'n vrye mens te maak, en hierdie mens moes die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld wees.*

Die woord "sout" het in Bybelse tye dikwels gedien om humor en spitsvondigheid aan te dui. Iets hiervan het by ons oorgebly in die term "gekruide taal".

Die mens was deur God bedoel om die sout van die aarde te wees, die humor, die sprankel, die opwindende sinvolheid. En die lig wat almal in ekstase laat uitroep as daar vir hulle 'n lig opgaan oor hoe wonderlik alles in mekaar steek.

Maar toe het die mens laf geword en alles bederf met sy gemene gemeensaamheid met die duiwel. En hy het sy lig onder 'n emmer en agter vyeblare probeer wegsteek. En deur die loop van die eeue het die sout al lawwer geword en die mense het selfs die duisternis liewer gekry as die lig.

Dít is die mense wat Jesus rondom Hom sien. Die mense wat Hom nie volg oor die evangelie nie, maar oor die brood wat Hy gee — ook in die vorm van genesings (Joh. 6:26); slegte, verraderlike mense. Mense wat nie weet wat tot hulle vrede dien nie. Die sout wat verslaan het — waarvan Jesus vra: "Hoe kry mens dit weer sout?" Dit is niks meer werd nie, sê Hy, al wat mens nou nog daarmee kan doen, is om dit by die deur uit te gooi sodat die mense dit kan vertrap. Dit mag dalk nog 'n stukkie werf skoon hou, maar dit is ter selfdertyd 'n simbool van 'n banvloek wat bedoel om selfs die aarde onvrugbaar te maak (Rig. 9:45).

Hoewel Jesus as tweede Adam die Sout en die Sin vir die aarde was, het hierdie lawwe mense Hom uit die Godstad uitgegooi en Hom op Golgota vertrap. Só het Hy ook onder hulle sonde gely. Húlle moes uitgegooi word, toe laat Hy hulle Hóm uitgooi. Só het nog een van sy bergrede-spreuke 'n kruiswoord geword.

> ***Die mens het laf geword en alles bederf en sy lig onder 'n domper en agter vyeblare weggesteek. Die mense het selfs die duisternis liewer gekry as die lig.***

En die mense, wat die duisternis liewer gehad het as die lig, wat deur God bedoel was as 'n stad op 'n berg, het so blind van woede geword oor die lig wat Jesus uitgestraal het, Hy, die Lig van die wêreld, dat hulle sy lig uitgedoof het deur dit onder 'n domper en 'n kruis te versmoor.

Jesus het gesê hulle moet hulle lig só laat skyn voor die mense dat die mense hulle goeie werke kan sien, en hulle Vader wat in die hemel is, verheerlik. In plaas daarvan het hulle hul duisternis laat "skyn" en die Vader wat in die hemel is nié verheerlik nie. Totdat hemel en aarde hierdie skouspel nie langer kon aanskou nie en 'n groot duisternis die aarde oordek het sodat die moord op God op die Golgota-berg tog nie langer sigbaar moet wees nie. So het hulle die Vader in die hemel, wat sy enigste Seun van sy bors weggeskeur het om die mense te red, gelaster.

* * *

Toe skryf Matteus dit neer, so dertig jaar later. Die kruis lê nou in die verlede, en die graf is oop en leeg vir ewig. Die skaduwee van die kruis is nou net 'n herinnering, en Jesus praat nie meer kruiswoorde nie, Hy bid net voortdurend vir ons aan die regterhand van die Vader.

En Matteus sê: Jesus het gesê: Julle is die sout vir die aarde, julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig skyn, sodat die mense julle hemelse Vader verheerlik.

Maar ná die kruis is niks meer dieselfde nie. Die kruis en Pinkster het die onmoontlike gedoen: dit het die lawwe sout weer sout gemaak en die rokende lamppitte helder laat skyn. Maar nooit weer kan dit buite die kruis om nie. Die mense wat nóú die sout van die aarde is, is dit omdat hulle vertel en getuig van dié Sout van die aarde wat wel deur die mense (onnodig) vertrap is, maar wat toe deur God opgeskraap is uit die aarde uit en aan die mense teruggegee is. Dit is gesoute mense. Hulle het so deel van Jesus geword, dat die Bybel sê hulle is nou één liggaam, en dié liggaam het een en dieselfde Gees.

En hulle is die lig vir die wêreld omdat hulle vertel van die helder fakkel wat op Golgota gebrand het en van die vuurtonge uit die hemel wat soos 'n waterval oor hulle uitgestort het. En oor hoe die lig van die wêreld al die skadu's en die spoke uit hulle harte verjaag het toe Jesus oor die bose magte op Golgota getriomfeer het en hulle nakend ten toon gestel het. Vir die omstanders het dit wel gelyk asof net Jesus nakend is, maar toe dié helse skouspel afgeloop was, het dit geblyk dat Jesus dáármee, met sy naakte skande, die skuld en die skande van die mense betaal het.

Só word ons sout vir die wêreld en lig vir die aarde. Ons vertel van dié Sout en van dié Lig — wat toe nie uitgedoof kon word nie. En as ons dit so vertel,

> ***Hoewel Jesus dié Sin en dié Sout vir die aarde was, het die mense so blind van woede geword dat hulle Hom uit die Godstad uitgegooi en op Golgota vertrap het. Hulle het die Lig van die wêreld onder 'n kruis versmoor en uitgeblus.***

kan die mense nie anders as om die Vader wat in die hemel is te verheerlik nie. Want Hy het alles gedoen. Absoluut álles. Sonder die mense en ten spyte van die mense.

Daarom kan en mag ons ook nie in die pad van dié Lig staan nie. Die oomblik as ons óns liggie wil laat skyn buite die kruis om, kan die mense nie langer die Vader in die hemel verheerlik nie. Hulle raak verward. Hulle bewonder en beny (en vrees selfs)

die getuienis van die koorsig-gloeiende "ware" kind van die Here wat self alles tussen hom en God reggemaak het; wat vertel hoe sleg hy eers was sodat hy kan vertel hoe goed hy nou is. Soms sien hulle deur sy lawwe spel en hoe hy nie die Vader wat in die hemel is verheerlik nie, maar homself, maar so dikwels sien die skares dit nie.

*Ná die kruis en Pinkster is niks meer dieselfde nie. Die lawwe sout is weer sout gemaak en die rokende lamppitte moet helder skyn. Maar nooit weer kan dit buite die kruis om nie.*

So moet ons nie wees nie. Ons moet getuig van hoe laf ons is en hoe dof ons liggie skyn — maar dat ons wandel in die lig wat van Hóm afstraal voort.

*HIERDIE IS DIE TIENDE UITGAWE VAN SWART OP WIT EN DIE LAASTE VIR DIE JAAR. ONS WENS AL DIE LESERS 'N GESEëNDE FEESGETY TOE EN HOOP OM U IN DIE NUWE JAAR FLINKER TE BEDIEN.*

**Van bl. 1 SINODES**

lewing het. As die kerk wou ophou politiek praat en net evangelies óór die politiek wou praat.

En vanselfsprekend oop kerke is vir elkeen wat na die evangelie in daardie taal wil luister.

* * *

Vergun my egter self 'n voetnoot oor die politiek. Ek is nie 'n sinodokraat nie.

As dit waar is dat dr. D.F. Malan van die kerk gevra het wat 'n Christelike politiek is, en dat die kerk gesê het apartheid want 'n mens moet elkeen gun wat jy self so graag eeue lank wou gehad het, dan sal ek dit verstaan. Ek het dit in die laerskool oor en oor aan die tuinjong verduidelik, en hy het gesê hy verstaan dit.

Maar die wêreld, wat veilig in hulle nasionale state sit, sal dit nooit verstaan nie. En die ander volke hier wou dit nie hê nie. En daar is nie meer plek om heen weg te trek nie. Nou sal ons òf 'n ander soort toekoms uitwerk, òf soos die Armeense Christene swerf oor die wêreld sonder 'n vaderland. Eenkeer 'n Armeen, altyd een, het die Armeense dominee vir my gesê by die internasionale konferensie. Eenkeer 'n Afrikaner, altyd 'n Afrikaner?

### TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS

# ALTYD BETER SO

Met die tiende aflewering van ons reeks oor die Heidelbergse Kategismus moet ons net eers weer in 'n hoë boom klim en presies kyk waar ons staan, en hoe ver ons gevorder het.

1

Ons vlieg met 'n haastige vliegtuig oor die hele terrein van die geloof wat ons uit die Bybel geleer het, en stel vas en bely dat ons met liggaam en siel vir tyd en ewigheid deur Christus op die kruis van Golgota gered is. (HK 1:1) Daarna vlieg ons met 'n helikopter, stadiger, en nader aan die grond en sien drie duidelike areas, terreine, gebeurtenisse: SONDE, VERLOSSING, DANKBAARHEID.

2

Ons verlaat die helikopter en stap te voet deur die Kategegismus. Ons kyk van naderby na HK 1:2 en neem (met verwondering) die volgende waar:

1. Die mens het vasgeval in die moeras van die sonde, hulpeloos en reddeloos; hoe meer hy spartel — ook met tuisgemaakte vroomheid soos die voorbeeldige Fariseër — hoe dieper sak hy weg.

2. Omdat Hy die mens jammer gekry het, het God die mens met Christus en die kruis gered, en sendelinge (apostels) gestuur om dit te verkondig en met die doop en die nagmaal te demonstreer en te sertifiseer. Almal wat dit hoor, mag dit glo.

3. Elkeen wat die evangelie hoor én glo, word 'n dankie-sê-mens wat ook, soos God, liefde aan sy naaste wil bewys.

3

Hoe weet jy dat jy 'n sondaar is? As ek in die kerk hoor hoe die Here wil hê ek moet lewe; dat ek God en my naaste met hart en siel moet liefhê. En ek kan dit nie doen nie, nie eens my naaste nie. My

diepste dryfveer is om te haat. Laat die druk maar toeneem en kyk hoe maak die mense mekaar by die miljoene dood. (HK 2:3 – 5)

4

Die mens is nie 'n fabrieksfout nie; hy is welgeskape, nie wangeskape nie. Maar omdat hy 'n mens was en nie 'n dier met blinde instinkte nie, het hy sy vryheid téén God gebruik en homself en die skepping wat God aan hom persent gegee het, verwoes. Daarby is hy ook nog so sleg dat hy nie die gedane kwaad kan keer nie – hoe meer hy te kere gaan, hoe groter verwoesting rig hy aan. As God hom nie weer óór-maak nie... (HK 3:6 – 8)

5

Ons voltooi die swart hoofdeel I van die Kategismus. God doen die mens geen onreg aan deur van hom te verwag wat hy nie in staat is om te doen nie, want God het die mens nie so gemaak nie. God wil en kan ook nie die sonde waartoe die mens nou gedoem is, sommer deur die vingers sien nie, want Hy is nie 'n slordige God nie. Ja, God is wel ook barmhartig, maar ons kan nie sy barmhartigheid teen sy regverdigheid afspeel nie. Sy reg-verdigheid eis dat aan die eise van sy reg voldoen word, en as dit nie gedoen word nie, dat daar na behore ǵestraf word. God is só groot, dat net 'n ewige straf aan die mens God se eer kan herstel. (HK 4:9 – 11)

6

Daar moet dus aan die eise van God se reg voldoen word. Self kan ons nie betaal nie, en ook geen ander skepsel nie. Al wat sou kon betaal, is 'n tussenganger (middelaar) wat nie slegs 'n honderd persent mens is nie, maar wat ook God is. Want God alléén sal ons uit dié ellende kan verlos. (HK 5:12 – 15)

7

Ons verlosser moet 'n egte en regverdige (goeie) **mens** wees, want die **mens** het gesondig, en een sondige (bankrot) mens kan tog nie vir 'n ander een betaal nie – dáárom moet ons verlosser sondeloos wees. Al wat dan oorbly, is dat Hy ook God moet wees. So God moet 'n mens word terwyl Hy God bly. Dít is Jesus Christus, ons Here, wat God aan ons gegee het, om ons volkome te verlos, en ons weet dit uit die hele Bybel. (HK 6:16 – 19)

8

Maar nie álle mense word deur Christus verlos nie – net dié wat in Hom glo, dit is sy verlossing aanvaar. Dis nie die glo wat die gelowiges red nie – dit sou 'n belaglike afleiding wees – want hulle glo juis dat Jesus hulle gered het. Die inhoud van wat hulle so van harte (mag) glo, kan uitgedruk word met die Apostoliese Geloofsbelydenis, die oudste belydenisskrif van die kerk. (HK 7:20 –23)

9

Nou begin ons met 'n sistematiese behandeling van die Apostoliese Geloofsbelydenis of Twaalf Artikels, wat meebring dat ons weer oor dinge sal praat waaroor ons reeds gepraat het, soos oor ons verlossing. Die Apostolicum (wat Luther kortweg Die Geloof genoem het), bestaan uit drie dele – wat saamval met die werk van Vader, Seun en Heilige Gees. Dis nie drie gode nie, maar één God van die Bybel – wat Hom só aan ons bekend gemaak het. Toe praat nie genoeg is nie, toe kom Hy, en toe kom nie genoeg is nie, toe troos Hy. (HK 8:24,25)

* * *

Nou kan ons uit die boom uitklim en ons staptog voortsit.

Die eerste artikel sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En die antwoord op vrg 26 – "wat jy daarmee bedoel" – gebruik, voor hy 10 woorde gepraat het, die naam van ons Here Jesus Christus.

> ***Die heidene vrees grimmige gode en probeer hulle toorn met offers versag, maar Christen-gelowiges vlug vir troos na God toe met hulle rou sonde omdat Hy die Vader van alle barmhartigheid is.***

Dit is baie belangrik. Daar is geen sprake van dat ons saam met die heidene in 'n skepper-god kan glo waaroor ons en die heidene en wetenskaplikes saamstem nie. Die Almagtige Skepper van hemel en aarde is die Vader van ons Here Jesus Christus en dáárom ook mý Vader. Christus het weer van ons kinders van die Vader gemaak, toe ons vyande was.

As ons dus in antwoord 26 lees dat ek op dié Vader so vertrou dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my met alles wat ek vir liggaam en siel nodig het, sal versorg nie, en dat Hy alle swaarkry wat Hy op hierdie gebroke aarde oor my laat kom, tot my bes-

wil sal verander, dan moet ons geen oomblik daaraan twyfel of dit vergeet dat Hy dit **danksy Christus** doen nie. Ons het geen ander toegang tot God as deur Jesus, die deur van die skape nie.

Die antwoord voeg ook by dat Hy dit as 'n almagtige God kán doen, en as 'n getroue Vader (danksy Christus) wíl doen.

Net 'n Christen kan só antwoord. Die heidene vrees grimmige gode en probeer hulle toorn met offers versag, maar Christen-gelowiges vlug vir troos na God toe omdat Hy nie net die Skepper is nie, maar ook die Vader van alle barmhartigheid.

Dis nie 'n maklike geloof nie, maar dis die enigste wat onuitputlike troos bied. Dis nie maklik om te sê dat God al die swaar oor ons bring nie, maar ons sal die ellendigste van alle mense wees as ons moet sê die Bose bring die swaar oor ons en God kon dit nie keer nie. Nou weet ons dat Hy, soos die doopformulier sê, alle kwaad van ons wil afweer, of tot ons beswil wil keer (verander).

*Dis nie maklik om te sê God bring die swaar oor ons nie, maar ons sal die ellendigste van alle mense wees as ons sê dis die Bose en God kon dit nie keer nie.*

Net gister moes ek iemand troos wat, vir sy gevoel, álles in die lewe verloor het. Trane is al wat hy nog oorgehad het. Toe sê ek: Daar was ook 'n dag in my lewe toe ek gedink het dat ek bestem was vir wat ek gemeen het op die punt was om te gebeur; dat my hele lewe na dié punt toe en van dié punt af verder sou loop. Maar toe gebeur dit nie. Toe gaan my lewensideaal nie in vervulling nie. Maar vandag, ses jaar later, weet ek dit was beter so.

Dit is altyd beter so.

Dit is wat Sondag 9 van die Kategismus wil sê: Dit is altyd beter so. Maar nié omdat ons ons stom in ons lot berus nie, omdat God om Christus ontwil altyd die beste vir my met my laat gebeur.

Die Bybel vertel ons van die skepping sodat ons kan agterkom van hoe hoog af ons geval het. Daarom kan ons nie oor die skepping praat, selfstandig, buite Christus en sy kruis om nie. Dit is geen aparte wetenswaardigheid nie. Daarom, dink ek, is groot dele van Leer uit die Woord 3 se 6de les van die punt af.

**Van bl. 2**

**ROM. 1:17b**

Alten Testaments" vertaal Hab. 2:4: "der Gerechte aber wird durch sein treues Festhalten (d.i. geloof) am Leben bleiben". Weer eens die 1953-vertaling. Heinrich Schlier skryf in sy Romeine-kommentaar ook oor Hab. 2:4 en sê die sin daarvan is: "die Treue en Jahwe wird den Gerechten leben lassen." In die Ou Testamentiese tyd is die getrouheid aan God — wat volgens Schlier dieselfde as geloof in God is, later al hoe meer (mis)verstaan as wetsonderhouding. Paulus verwerp dan juis hierdie siening van die teks en gee die eintlike bedoeling weer in Rom. 1:17b: die regverdige sal uit die geloof lewe (nie uit getroue wetsonderhouding nie). Ook weer die 1953-vertaling.

Maar nou het die vertalers van die NAB nie slegs 'n ander klém laat val nie. Ons sou nog kon saamleef met die begrip "vrygespreek deur die geloof" wat sou beteken dat ons nou in die regte verhouding met God is sonder dat ons gewerk het daarvoor. (Wat ons ook bely.) As hulle egter die woord "omdat" gebruik, word geloof nou meriete: ons het geglo, en omdat ons geglo het, is ons vrygespreek en nou mag ons lewe.

Dit lyk nie slegs na 'n verskuiwing van klem nie, maar ook 'n lastige woordkeuse wat 'n verkeerde boodskap oordra. Ons word tog nie reggestel met God omdat ons glo nie — ons glo dat Hy ons reggestel het in Christus toe ons nog ongelowig was! Dis die enigste troos wat ons het in lewe en in sterwe. Dis die troos wat Paulus bring vir mense wat sat gewerk is aan hulle eie redding: Die regverdige (die mens wat reggestel is met God) sal lewe deur vas te hou aan wat Christus gedoen het. 'n Lewe gefokus op die kruis, nie op my geloof nie.

Eie strewe, selfs geloofstrewe, stel u nie reg met God nie. U is reggestel deur Christus: So sê Habakuk en Paulus sê God. U mag dit glo.

**JAN SE TAFELGEBED BY DAWID EN MARIET SE ETE**

**"Dankie Here dat U ons ondankbaarheid vir dankbaarheid aansien — om Christus ontwil. Amen.**

BRIEWE

# SOVEEL HOOFDE, SOVEEL SINNE

## SLAAG NIE

"Staak asseblief die stuur van julle tydskriffie aan my. Julle slaag duidelik nie!"

Ds. P.W. Botha, Kragbron

## SNERT

"Ek stel nie belang in snert nie! Met komplimente terug!"

Ds. J.W. de Villiers, Vanderbijlpark

## GENIET

" 'n Paar dae gelede het ek in my posbus 'n koevert met 'n publikasie ontvang wat vir my heeltemal vreemd was. Eers het ek — toe ek die titel daarvan lees — gedink dat dit een of ander politieke ding is, wat my oproep om skuld te bely oor allerhande dinge. Toe het ek gedink dat dit weer iemand is wat dit sy taak ag om al die predikante van die NG Kerk aan te spreek omdat hulle so ernstig dwaal. Toe ek dit egter begin lees, was ek aangenaam verras en geboei. Dit is 'n gawe om so mooi met woorde te kan speel dat die Woord sprankelend en tintelend lewe kry terwyl mens lees. Ek het besonderlik gehou van die artikel oor die predikant en die kerkkantoor — o.m. omdat dit soveel bevat wat ek ook aan my studente probeer deurgee, maar ook omdat ek sommige van die sondes van my jeugjare in die bediening, daarin herken het. Gelukkig kom daar met die vermeerdering van die jare ook 'n bietjie meer wysheid. Dit sal 'n mooi dag wees as ons predikante hulle werk so mooi professioneel kan doen dat alles netjies is en hulle nog tyd het om in hulle studeerkamers by hulle boeke en veral by die Boek te sit en in hulle gemeentes by die mense te kom waar hulle nodig is. Ek hou van die gedagte dat die kerkkantoor kan help met die skakelwerk van die predikant en het al dikwels gedink dat dit goed sal wees as die predikant 'n kantoor by die kerk kan hê, waar hy op sekere tye sy werk kan doen — weg van sy huis af, terwyl die personeel van die kerkkantoor die funksie van "ontvangsdame" vervul.

Dit moet 'n groot werk wees om so 'n publikasie gereed te kry. Ek weet nie wat die uiteindelike doel daarmee is nie, maar ek het gevoel ek wil net laat weet dat ek hierdie uitgawe geniet het en dat dit vir my goed was om dit te lees.

Prof. A.J. Smuts, Pretoria

## BASTA

"Die paar briewe in die laaste uitgawe van Swart op Wit het my laat dink. Ook 'Waar kry jy die tyd?'. As Ma gevra het hoekom ek nie vir haar skryf nie, (daardie dae het mens nog geskryf, nie telefoon opgetel nie), en ek antwoord ek het nie tyd gekry nie, sê sy tyd is iets wat jy maak, nie kry nie. Vandag sou sy seker sê "inruim".

Is ek een van die swygende meerderheid wat nooit van ons laat hoor nie?

Net daar besluit ek om te skryf sodat u kan weet ons juig hier van die kantlyn af en basta met die agterbakses en wat die mense sê (ai tog) en die spasmas.

Afgesien van die inhoud is die formaat van Swart op Wit 'n luuksheid. In vergelyking met ander verkreukelde koerantjies is Swart op Wit 'n troos en 'n hoop en vertroue en kennis. Moenie ooit aan hom torring nie al word hy ook hoe duur. En moenie ophou nie. Dink veral aan die baie briewe in mense se koppe. Briewe van waardering en onderskraging wat nooit geskryf word nie. Dié van die meerderheid wat regsinnig is en daarom nie lawaai nie — en dan die stil minderheid word."

Pierre de Villiers, Douglas

## LAAT BID

"Al wat ek eintlik wil sê is dat ek met my vingers deur Swart op Wit blaai en kennis maak, en hand

skud met Manie Malan asof ons vir die rukkie saam kuier. Dankie vir gedagtes en geselsies wat mens laat voel jy deel jou gedagtes met iemand wat voel en ervaar wat tussen God en mens gebeur, moes gebeur het, en aanhou stry dat dit enkel volgens sy Woord uiteindelik reg moet gebeur en deurbreek. Weet dan ook dat my afsondering met Swart op Wit my dikwels laat bid: Dankie Here! Vergewe my, Here! Help my Here!"

Ds. Bertho Boshoff, Valhalla

# SIRKUS

"Ek was in 'n ietwat van 'n tweestryd met myself gewikkel of ek met hierdie sirkus moes voortgaan. Ek begin al hoe meer besef dat niks en niemand u van u kinderbesprinkeling-dwaling sal laat afsien nie. Tog weet ek ook dat dit wat vir die mens onmoontlik is, by God moontlik is. Ek dink Hy spesialiseer in die onmoontlike. 'n Mens wonder soms waarom sommige mense van die wieg tot by die graf vorder sonder dat die heerlike waarhede van God se Woord tot hulle deurdring...

"Hoe dit ook al sy, ek was eers van plan om hierdie 'Trojaanse comic' ook terug te stuur, maar het na oorweging tog besluit om dit maar te hou. Die kanse is goed dat van die ander ou wederdopers dalk ook sommige van die grappies mag geniet. U moes nog net vermaaklikheidsbelasting hierop gehef het.

"Daar is egter een ernstige punt wat ek graag sou wou hê u moet regstel. Ek heg 'n fotostaat uit u kerk se Katkisasieboek aan net om aan te dui dat u woorde 'die aanhaling eindig waarskynlik hier', nie daar eindig waar u waarskynlik graag wil hê dit moet eindig nie. U ingevoegde '(sic)' en '(Let op hoe mnr. Vd Berg die sonde onderskat)' is dus so effe van die merk af. Dit is nie in mnr. Vd. Berg se woorde wat die sonde onderskat word nie, die woorde kom uit die mond van u eie kerk... As u daaraan stik, blameer asb. die N.G. Kerk. Ek wil graag glo dat u manmoedig genoeg sal wees om hierdie regstelling in die regte lig te publiseer want daar mag dalk ander lesers wees wat ook sukkel om dit verteer te kry.

**Wat is nou die onderskeid tussen erfsonde en werklike sonde?**

*Ons het in 'n vorige les gesien hoe die neiging om sonde te doen, voortgeplant is deur Adam in die natuur van sy kinders en op almal in al die nageslagte ná hulle. Elkeen ontvang dit as 'n erfenis van die vorige geslag wat sy hele persoonlikheid, liggaam, verstand en siel, besmet. Die pasgebore kind besit daardie erfenis. Maar let daarop, 'n pasgebore kind het nog nie werklike sondes nie. Hy het nog nie gedagtes, woorde en werke nie, daarom sê ons 'n pasgebore kind het erfsonde, maar hy het nog nie werklike sondes nie. Eers wanneer hy kan dink, praat en handel, dan sal hy ook werklike sondes doen. Erfsonde het hy reeds by die geboorte; werklike sondes sal hy nog doen. 'n Sondige natuur het hy reeds en daaruit sal binnekort allerlei verkeerde dinge voortkom. Erfsonde kleef hom altyd aan; met werklike sondes sal hy nie altyd besig wees nie.*

**Dis nou waarlik 'n groot polemiese geluk wat my korrespondent getref het — te wyte aan sy korrespondensie per bandopname sonder om self te sê watter sý en watter iemand anders se wysheid is. Al wat ek tans wil sê, is dat ek menigmaal al gepleit het daarvoor dat die kerk se katkisasieboeke tog deur kundige dogmatoloë en skrywers geskryf moet word, en hierdie episode onderstreep die pleidooi. Verder: Vir goeie teologie moet mnr. Vd Berg van Parow tog maar die moeite doen om Berkouwer te lees. Dit spyt my, maar ek weet geen beter raad nie. Op die res van sy brief kom ek later terug. MM**

Van bl. 20

## MEVROU DOMINEE

taak: Om van mens tot mens te gaan, te haas, — al die mense — en hulle daarvan te verseker dat God hulle liefhet, en dat ál hulle skuld op Golgota betaal is, en hulle te smeek om hom te glo, want hy praat namens God (2 Kor. 5:20).

* Is dit die mense se glo en toewyding wat hulle red? Nee. As hulle glo dat Jesus hulle gered het, kan dit tog nie hulle geloof wees wat hulle red nie. Dit is **wat** hulle glo wat hulle red, nie **dat** hulle glo nie. Ons glo dat God ons gered het; ons glo nie dat God ons sal red as ons glo nie.

* Is dit dan nog nodig dat die mense 'n goeie lewe sal probeer lei? Ja, maar hulle moet waak daarteen dat dit hulle nie trots op hulleself maak nie. Die goeie dinge wat ons probeer doen is so krom en skeef dat as God dit nie reg aanwend nie, dit meer skade as goed sal doen. Op sigself genome is ons "goeie" werke so sleg dat God ons daarvoor hel toe kan stuur.

* Wat is die goeie wat ons moet doen?
Ons moet liefhê en genadig en sag wees veral teenoor mense wat dit nie verdien nie omdat dít is wat God met ons gedoen het.

* Dit is die hoofsaak wat jou man probeer doen en verkondig — van die kansel af, in die kategese en op huisbesoek. Al die ander dinge is bysaak. Omdat hy self 'n sondaar is, dikwels die grootste (1 Tim. 1:15) moet jy hom baie liefhê en hom troos as hy moedeloos wil word oor die hardkoppigheid van die mense.

# OOR (ON-)WAARDIGHEID EN VRYSPRAAK

Johan Jordaan

Ons hond, Jors, is 'n buite-hond. As hy 'n kans kry om in die huis te kom, laat hy dit nie verbygaan nie. Hy strek hom dan luilekker op 'n gemakstoel uit. As jy hom vang en uitja, hardloop hy grom-grom, met nekhare wat rys, uit die huis uit, reg om enige indringer buite te verskeur. So probeer Jors met waardigheid die aftog blaas.

Israel wou ook nie hulle waardigheid heeltemal prysgee nie. Hulle wou nie aanvaar dat hulle self niks kon doen om God se vryspraak te kry nie (Rom. 9:30 – 10:4). Daarom het die blye boodskap vir hulle 'n struikelblok geword.

Daar is maar een manier om die Here se vryspraak te verkry – jy moet dit as genadegawe ontvang. Hoe dit werk, wil die volgende toneel wys:

Elkeen van ons staan as sondaar in die beskuldigdebank voor die Here Jesus Christus, die groot Regter. Ons kan nie anders nie – ons móét skuldig pleit. Ons én Hy weet immers dat ons sondaars is. Die enigste vonnis wat Hy, die regverdige Regter, kan vel, is die doodvonnis – die hel.

Hy doen dit egter nie. Inteendeel. Hy kom van sy regbank af na ons toe en sit 'n kwitansie voor ons op die beskuldigdebank neer. Op daardie kwitansie verklaar Hy self:

* dat Hý, Jesus Christus, in ons plek gedoen het wat ons nie kon nie – namens ons het Hy volmaak volgens die Here se wil geleef; en

* die doodvonnis wat ons verdien, is reeds voltrek. Op Golgota aan die kruis het Hy in ons plek gesterf.

Dit klink te goed vir woorde? Tog mag ons dit glo. Ons wat dit glo, stap die lewe in; vrygespreek deur die hoogste Regter.

Gelukkig hoef ons nie tot op die dag van die wederkoms te wag om die Here Jesus se kwitansie te kry nie. Swart op wit sê Hy dit vir ons in sy Woord. Ons glo dit nou al. Daarom is ons nie meer bang vir die oordeelsdag nie. Ons oordeelsdag is al agter die rug – op Golgota (Rom. 8:31 – 34). Ons Regter is dieselfde Persoon "wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het" (HK vrg. 52).

Die Here wat ons so liefhet, dat Hy weier om ons in die verderf te los, het geweet dat dit te wonderlik is om te kan glo. Hy het geweet dat ons daaroor sal voel soos die meisie wie se droomman voor die kansel trou aan haar beloof; dat ons sal wonder of dit nie maar net 'n droom is nie. Daarom het Hy vir ons iets tasbaars gegee om aan vas te hou – iets waaraan ons kan vat om ons te oortuig: dit is werklikheid. Sy troupand, die doop, is die tasbare teken waaraan ons kan vashou wanneer ons dink ons droom.

*Ons moenie soos Jors en Israel probeer om ons waardigheid te behou nie.*

Hierdie eenvoudige evangelie vra tog baie van ons. Dit vra dat ons ons eie bankrotskap moet erken. Dit vra van ons dat ons nie soos Jors en Israel 'n stukkie waardigheid moet probeer behou nie. Ons moet skiet gee; al ons pogings om die Here God tevrede te stel, laat vaar; doodeenvoudig aanvaar dat Hy alles gedoen het om ons sy kinders te maak. Ons moet sý manier van vryspraak aanvaar as die enigste moontlike manier.

Watter bevryding is dit nie – die vryspraak wat ons ontvang op grond van wat Jesus Christus vir ons gedoen het!

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/5 NOVEMBER 1986*

# MEVROU DOMINEE: WAT JOU MAN DOEN

***OMDAT DIE PREDIKANT SELF 'N SONDAAR IS, DIKWELS DIE GROOTSTE, MOET SY VROU HOM (ASSEBLIEF) BAIE LIEFHê EN HOM TROOS AS HY WIL MOEDELOOS WORD***

* Hy verkondig die evangelie; hy **bedien** dit. Hy is 'n bedienaar van die evangelie-woord, 'n bediende wat dit verniet uitdeel.

* Wat is die evangelie?
Dit is dié Vreugde- (ev-) -boodskap (-angelion).

* Wat is die Vreugdeboodskap?
Dit is die boodskap van die gróótste vreugde wat kan bestaan — 'n oneindig groot en ewige, dit is onophoudelike vreugde — dat God die mense die ewige, oneindige helse straf ter syde gestel het.

* Hoekom het God dit gedoen?
Net omdat Hy die mense jammer gekry het en omdat Hy dit in die Paradys al belowe het. Hy het niks anders van die mense in ag geneem toe Hy besluit het om hulle te red nie, as hulle ellende.

* En God het dit gedoen omdat Hy hulle liefgehad het (Joh. 3:16). Hy het hulle so liefgehad dat Hy nie kon wag tot hulle gebore is nie. Hy het hulle al liefgehad vóór Hy nog die wêreld gemaak het (Efes. 1:4).

* Wat het dan van die sondeskuld van die mense geword? God het Jesus dit laat betaal, op die kruis in en met smarte van die hel.

* Het Jesus vir ál ons skuld betaal?
Ja, álles — tot die dag van jou dood.

* Het Jesus ál die mense se skuld betaal?
Sy betaling was groot genoeg om al die skuld te dek, maar die mense wat dit tot op hulle sterfbed nie wil glo nie, gaan verlore omdat hulle God tot leuenaar maak.

* Is dit dan moontlik dat die hemel eendag leeg kan staan? Nee, want God het 'n hemel vol mense uitverkies wat Hy, na hulle geboorte roep en oortuig en laat volhard (Hy hou hulle vas), en in die hemel opneem.

* Hoekom het Hy party uitverkies en ander nie? Dis onbetaamlik vir ons om dié vraag te vra. Ons het geen reg om God tot verantwoordiging te roep nie. Ons, in die besonder die boodskappers van die evangelie, die vreugdeboodskappers, het net één

**Na bl. 18**

## FROOM FAAN

